16 Des

Uitgawe 2009/12/16

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

Laat dit drup, o hemele, van bo af, en laat die wolke vloei van geregtigheid; laat die aarde oopgaan, en laat heil voortkom en geregtigheid; laat hulle saam uitspruit. Ek, die HERE, het dit geskape. (**Jes.45:8**). Ons is nou in 'n seisoen waar mense in die hele wêreld die geboorte van Jesus Christus herdenk. Dit is 'n perfekte geleentheid om die rede hoekom Jesus na die aarde gekom het, om ons te red, met almal te deel. Hy is die "Regverdige Een" wat van die hemele gekom het sodat ons die ewige lewe kan beërwe. ***Vader, dankie dat U Jesus gestuur het sodat ons die ewige lewe kan beërwe.***

Deurbraak : God raak VS kampusse

Vir twee maande voordat Lindsay gegaan het, het sy gedurig e-posse en oproepe ontvang uit alle areas rondom Pittsburgh wat in kontak wou kom met groepe wat betrokke is met sendingwerk en die mobilisering van gebed op kampusse. Daar was omtrent 85 kampusse binne 100 myl van Pittsburgh. In die tyd wat Lindsay daar was, het sy en haar vriende samekomste vir studente gehou wat gewone kerke en 24-7 gebedskamers op hul universiteits- en kollege kampusse wil begin. Hulle het tyd spandeer op 8 verskillende kampusse waar hulle hande gelê het op die siekes, saam met jongmense gebid het wat die Here op hul hart gelê het en het Jesus se liefde gedeel met ander rondom hulle. Lindsay het wonderlike ervaringe met jongmense gehad wat honger was en eenvoudig nie kon wag vir iemand om God se liefde met hulle te deel nie. Slegs 'n paar uur nadat Lindsay in Pittsburgh aangekom het, het sy haarself bevind te midde van 'n kragtige ontmoeting met die Heilige Gees by 'n Bybelstudie wat deur studente gelei is in die kafeteria van Robert Morris Universiteit. Rondom haar het voetbalspelers op hul gesigte geween in die aangesig van die Here, studente het Jesus in hul lewens aanvaar en gebid om met die Gees vervul te word, en 'n Moslem het gebed ontvang. Sy het stories vertel van studente wat op kampusse gedoop is, en 'n paar nuwe Gelowiges het in 'n ry gestaan en uitgeroep dat hulle nog dieselfde aand gedoop wil word. (Webruimte: http://www.24-7prayer.com/blog/1117, 06/11/09). ***Prys die Here vir die werking van Sy gees onder die jongmense op die kampusse van VS. Bid dat hulle sal aanhou op hiedie pad van geloof en dat hulle 'n impak sal maak op die generasie wat op hul volg. Vra die Here om die studente op die universiteit wat naaste aan jou is aan te raak.***

Bid vir jou gemeenskap : Ouerskap

Nuwe navorsing oor lesbiese paartjies as ouers het 'n opskudding veroorsaak. In die verslag word beweer dat lesbiese paartjies beter ouers is as heteroseksuele paartjies. Die navorsing beweer ook dat kinders met twee vroulike ouers is meer ambisieus as ander met manlike en vroulike ouers. (Webruimte: http://www.christian.org.uk/news/lesbian-women-make-better-parents-claims-govt-official/, 17/11/09). ***Bid teen hierdie verslae wat dit wat God in plek gesit het wil vernietig. Bid vir familie eenheid in jou gemeenskap; dat dit standvastig sal wees volgens God se doel en plan.***

Suid-Afrika : Vreedsame speletjies word aangemoedig

Speelgoed vuurwapens lyk al hoe meer soos die ware Jakob – op so 'n skaal dat dit gebruik word in rooftogte. *Gunfree South Africa (GFSA)* het handelaars wat speelgoed vuurwapens aanhou gevra om dit van hul rakke af te verwyder. Kinders word gevra om die speelgoed in te handig en ouers word gevra om nie speelgoed vuurwapens as geskenke aan kinders te gee as kersgeskenke nie. In 'n land soos Suid-Afrika , wat getraumatiseerd is deur misdaad, is dit belangrik dat vreedsame speletjies aangemoedig word. Die boodskap wat ons aan kinders wil oordra is dat vuurwapens nie pret is nie. (Webruimte: http://www.news24.com/Content/SouthAfrica/News/1059/094c1944a2ef4743a8df934ddc109d16/17-11-2009-10-05/Toy_guns_not_good_for_kids, 17/11/09). ***Bid dat ouers in Suid-Afrika sal ag gee op die advies en dat hulle kinders sal leer van die effekte van geweld en die gebruik van vuurwapens.***

Internasionaal : Kinders ontwikkel dwelmverslaafdheid om pyn te verduur

Die Gaza beleëring en die tekort aan kos, medisyne, boumateriaal en ander verskaffers het daartoe gelei dat kinders in tonnels werk tussen Gaza en Egipte waardeur artikels gesmokkel word. 'n Nuwe verslag vra die internasionale gemeenskap se hulp en ondersteuning om die kinders se ellende te beëindig. Kinders kry een rustyd in 'n 12-uur lange skof en is uitgeput, wat daartoe aanleiding gee dat die kinders 'n stimulant genaamd '*Tramal'* gebruik wat hul help om van die pyn te vergeet en hul liggame te verfris, wat hulle aan die werk hou sonder om te kla. Terselfdertyd lei die dwelmmisbruik tot ernstige gesondheidskomplikasies en ander newe-effekte. Weens die toename van armoede na die beleëring het baie kinders nie meer skool bygewoon nie. 'n Klein groepie kinders het wel daarin geslaag om hul werk en studietyd te koördineer. Die grootste aantal kinders het sowat 1-2 jaar gelede begin werk. (E-pos: editor@prayer-alert.net, 13/11/09). ***Vra die Here om genadig te wees teenoor die kinders van Gaza, om hul ellende te beëindig en om 'n einde te bring aan die beleëring.*** (**Klaagl.3:33**). ***Herinner God aan Sy belofte om die behoeftige kind te red en om reg te doen aan die arm.*** (**Ps.72:4**)